Berribrokkies

Nuusbrief van Fred en Paula Berrington

Posbus 739, Groot-Brakrivier, 6525

0793205935 (Fred) 0825015415 (Paula)

Mei 2014

Liewe vriende,

Prysig die Jirre my siel hie binne my! My God is byrie grootste groot verby. **Ps 104, Griekwaspsalm**

INDONESIE

Fred was gedurende Maart in Indonesie vir vergaderings van YWAM se "Frontier missions" leierskap. Hul het tyd in gebed spandeer en gepraat oor hoe ons meer effektief kan wees in ons kerkplantingspanne.

Fred besoek weer Mosambiek in Junie en gaan opleiding gee op die eiland Inhasunge naby Quelimane waar daar nou al meer as 200 van die onbereikte Carungo (substam van die Maindo) mense tot bekering gekom het in die laaste 18 maande. Daar werk van ons vorige Mosambiekse studente wat nou ook weer ander Afrikane oplei om ander onbereikte Afrikane te bereik. Dit is vir ons baie opwindend om die mense van Afrika te sien opstaan as sendelinge en hul verantwoordelikheid op te neem. Bid asseblief vir Justino, Maquina, Benedita, Idrissa en Joseph wat hierdie skool lei. Dit finansies om die opleiding aan te bied bly maar 'n uitdaging en die vyand is nie gelukkig nie. Justino, die skoolleier, se motorfiets is nou die dag buite die bank gesteel en sy Ipod en Ipad is ook gesteel toe hy op reis was. Hy is 'n jong leier met soveel potensiaal en goeie karakter. Ons hou 'n ontbyt op Saterdag 3 Mei, hier in Groot-brakrivier om vir hul fondse in te samel. Hier is van die personeel en studente van die opleidingskool

Fred skype ook gereeld met die ander kerkplanters in Suidelike Afrika waarvoor hy verantwoordelik is, daar is 11 spanne van Ywam wat onder die onbereiktes werk in Suidelike Afrika waarvoor Fred verantwoordelik is.

KAIROS

Ons is besig met die Kairos-kursus en het verskeie kursusse aangebied en al meer as 50 mense in die omgewing opgelei en teen die einde van die week trek ons al by oor die 30 fasiliteerders wat ons opgelei het om te help om die kursus aan te bied.
Die kursus is so ryk en dis dikwels moeilik om dit in ‘n paar woorde te verduidelik, maar hier is ‘n kort beskrywing:

“The Kairos course is designed to help bring about a truly Biblical worldview in every believer; it does not
try to make every Christian a missionary. This worldview sees our participation in the world Christian
movement as central to what it means to be a true follower of the Lord Jesus Christ.
The course places special emphasis on the Church’s God-given mission: to engage least-reached
people groups that have no witness of the gospel due to the absence of communities of believers.
Kairos inspires both everyday believers and pastors to play their part in the execution of an extraordinary task”

LAERSKOOL VORENTOE

Die hoof van die skooltjie in Groot Brakrivier se deur is regtig oop vir bediening in die skool en die “mothers who care” groepie groei mooi in diepte en getalle en Paula lei tans die groep. Ons bid saam op Woensdae oggende en bied dan eerste pouse ‘n programmetjie aan. Daar is ook nou Maandae ‘n periode beskikbaar waarin ons kollega, Markus, lofprysing lei een maal per maand en op een van die ander Maandae deel ons die kinders in groepies en doen Ontdekkings Bybelstudies wat aansluit by die skool se waardes. Ons ander kollegas en van die ouers is daarby betrokke. Ons vat dan ook van 9-11 Mei die Gr 7 groep op ‘n geeestelike kamp. Bid asseblief vir die groep kinders.

CHERISH

Cherish is ‘n Bybels gefundeerde studie wat ontwerp is om meisies en jong vroue te begelei om ‘n rein lewe te lei. Paula het reeds een so kursus aangebied in Friemersheim en vanaf 23-24 Mei word ‘n opleidingsprogram aangebied. Die skrywer kom ander oplei om die studie te gebruik. In ons samelewing met al die seksuele losbandigheid is dit ‘n handige hulpmiddel. Ons hoop om dit ook verder uit te brei in die gemeenskap deur hierdie opleiding.

MIGHTY MEN

Fred, Timon en ‘n paar ander manne uit die omgewing het weer die naweek die mmc in die koue Karoo bygewoon. Soos altyd getuig hul weer van die Heilige Gees se teenwoordigheid en hoe soveel manne saam God aanbid het en soveel vir Jesus gekies het.

KOFFIE SAAM JESUS

'n Plaaslike koffie winkel, die OU PASTORIE het ons genader om een maal per week 'n informele Bybelstudie daar te kom aanbied vir enige belangtellendes. Ons het afgeskop en sien dit as 'n goeie geleentheid om die Woord te deel en mense te help dissipel wat weer ander kan dissipel. Kom loer gerus in as julle op 'n Donderdagoggend 8 uur in Groot Brak is, daar is 'n gratis koppie koffie saam met die geestelike brood!

TIMON en MIKAEL

Dit gaan goed met ons seuns. Dit was maar ‘n aanpassing vir Timon om Hoërskool Punt in Mosselbaai toe te gaan, maar dit gaan goed met hom. Mikael kuier die vakansie saam met sy nefies by Strandfontein.

GEBEDSVERSOEKE

Bid asseblief saam vir:
*Die Gr 7 kamp van 9-11 Mei, dat Vader hul harte sal voorberei om die Woord te ontvang
*Die volgende Kairos kursus in Mosselbaai wat op 11 Mei begin en een in Muizenberg wat op 26 Mei begin.
*Die Cherish opleiding van 23,24 Mei
*Die “school of frontier missions” in Mosambiek. “Verlos ons van die bose...”
*Veral vir Justino, Maquina en Benedita wat die skool lei
*Vir Timon en Mikael om in Jesus se voetspore te volg.

Ons wil net graag weer baie, baie dankie se aan almal wat vir ons bid. Ons kan nie oorleef sonder gebed nie en ons is afhanklik van die Here in alles wat ons aanpak.
Ook aan elke finansiele ondersteuner se ons baie dankie! Daar is ‘n paar donateurs wie se name nie op ons state verskyn nie en die bank wil nie die inligting gee nie. So baie dankie aan elkeen. Jes 45!

Baie groete en seen
Fred, Paula, Timon en Mikael Berrington